HOOFSTUK 5

# DIE ADOLESSENT, SY IDENTITEITSONTWIKKELING EN IDENTITEITSVERWARRING

## 5.1 INLEIDING

In hoofstuk drie is die vader se rol, as opvoeder, in die ontwikkeling van die seun bespreek. Uit die literatuurstudie het dit duidelik gevolg dat die vader 'n uiters belangrike, bykans onvervangbare rol vervul. Dit het egter ook geblyk dat die seun as opvoedingsbehoeftige, as onontslotene, besondere hulp nodig het. Sy hele soeke na en naarstige strewe om 'n eie manlike geslagsrol te ontwikkel, het duidelik na vore gekom. Behalwe dat hierdie strewe na 'n eie geslagsrol, vrees vir die onbekende by die seun meebring, is daar talle ander sake rondom sy man-word en sy persoonlikheidsontwikkeling wat vir hom verwarrend en problematies is. Dink maar aan die druk wat op hom uitgeoefen word dat sy gedrag spesifiek manlikgerig moet wees. Vandaar die noodsaaklikheid dat die vader so 'n stewige,onwrikbare standpunt moet inneem.

Gedurende adolessensie bereik die kind die finale stadium van kind-wees, beweeg hy na 'n nuwe fase wat met fisieke en psigiese veranderinge gepaard gaan. Dit is nogtans vir die seun ook 'n stadium van onsekerheid, verwarring en van soeke. Die vader behoort dus

ook gedurende hierdie fase van ontwikkeling 'n besondere rol in die lewe van die seun te vervul. Die adolessenteseun, vir wie die soeke na 'n eie indentiteit een van sy grootste probleme is, behoort ook 'n besondere behoefte na sy vader te ervaar.

In hoofstuk vier is die begrip identifikasie in besonder uitgepluis. Daar is ook raakvlakke met die begrip vaderidentifikasie gevind en uitgewys. Die besondere verband wat bestaan tussen identifikasie en identiteit, is ook uitgelig. Die adolessent identifiseer hom met sy ouers. 'n Verinnerliking, 'n samesmelting, 'n eenwording met die ouers vind plaas. Aan die ander kant moet die adolessent in die ontwikkeling van 'n eie identiteit juis van sy ouers en ander persone loskom om uiteindelik op sy eie bene te staan. Die verband tussen identifikasie en identiteit, asook die adolessent se vorming van 'n eie identiteit, sal derhalwe spesiale aandag geniet.

Dit is duidelik dat die begrippe identiteitsvorming, identifikasie en vaderidentifikasie 'n buitengewone knooppunt het. Vir die adolessent is dit ook 'n knooppunt, maar vir hom is dit ook 'n vertrekpunt, 'n *losknooppunt*.

In hierdie hoofstuk word daar veral gekyk na die adolessent en in besonder na die vlak van sy identiteitsvorming. Daar word dan ook veral gelet op die vaderidentifikasie van die adolessent. Die beroepsgerigtheid van die seun, en spesifiek die adolessenteseun, sal ook die aansluiting by die skolastiese opset

gee.

Die noodsaaklikheid om oor die adolessent, en veral oor sy identiteitsvorming te besin, word verder duidelik as na die proefpersone wat gebruik is, gekyk word. Die standerd agt-leerlinge wat gebruik is, staan as groep midde-in die adolessentestadium. Hulle worstel met die probleme van volwassewording. Hulle is nie meer pubers nie, maar ook nog nie volwassenes nie.

Omdat die hele proses van adolessent-word en adolessent-wees, intens verweef is met identiteitsvorming en realisering van die self, sal die adolessent as sulks nie vooraf beskryf en bespreek word nie. Identifisering van die begrippe adolessent en die adolessentestadium sal uit die bespreking na vore kom, juis omdat hierdie wording asook die liggaamlike en psigiese veranderinge, deel is van sy problematiek.

## 5.2 IDENTITEIT - EK EN MY

Die woord identiteit is afgelei van die Latynse *eadem, idem, identitas,* moontlik na aanleiding van *entitas.* Dit beteken *eenders, selfde* of *dieselfde* (Marchant en Charles, 1935, p. 257; Funk en Wagnalls, 1964, p. 627; Little,et al., 1959, p. 951). Funk en Wagnalls verwys na identiteit, onder andere, as die kenmerkende, onderskeidende of eiesoortige karakter wat aan 'n individu behoort, ook gesien as persoonlikheid of individualiteit. Little,et al. (1959, p. 951)

noem identiteit die kwaliteit of toestand om dieselfde te wees, die absolute of essensiële selfheid of slegs eenheid. Schoonees, et al. (1973, p. 329)(HAT) noem dit eenheid van wese, volkome ooreenstemming, persoonsgelykheid, persoonlikheid. Sklansky, et al. (1969, p. 211) verwys na die sin vir identiteit as 'n geïntegreerde gevoel van 'n spesiale kwaliteit, die uniekheid van jou eie self. Hy verwys verder daarna as die uitkoms, die resultaat, as al die lewenservaringe saamgevoeg word. *Dit is myne, dit behoort aan my, dit is Ek.*

Daar word dus 'n duidelike Ek onderskei. 'n Self wat enig is, andersoortig is en 'n eie persoonlikheid is, maar beslis 'n werklikheid is; nie *onsigbaar*, *gesigloos* of *persoonloos* nie, maar 'n *definitiewe wese* wat bestaan, 'n hier, 'n nou, nie 'n vae miskien nie. Volgens Mead (1972, p. 214) se siening kan 'n Ek as die kreatiewe innerlike kern van die persoon onderskei word. Hierdie innerlike kern sorg vir die individu se potensiaal wat ontwikkel moet word. Die Ek verteenwoordig ook die individu se vryheid, inisiatief, beslissings en keusemoontlikheid. Die My verwys weer na die sosiale self van die persoon. Hier word verwys na die persoon se rol in sosiale verband, dit wil sê in kontak met ander persone. Die houdings van die persone met wie in aanraking gekom word, bepaal dan ook die My. Die Ek en die My is ook interafhanklik van mekaar en saam vorm hulle die maatskaplik gevormde persoonlikheid, ook genoem die self (Cilliers en Joubert, 1966, p. 183).

## 5.3 IDENTIFIKASIE EN IDENTITEIT

Daar is reeds verwys na die verband wat tussen identifikasie en identiteit bestaan. Die een impliseer die ander. Identifikasie is die teenpool van identiteit en omgekeerd (vgl. par. 4.3). Erikson (1956, soos aangehaal deur Conger, 1973, p. 86) sê dat alhoewel identiteit ook identifikasie insluit, dit meer is as al die suksesvolle identifikasies wat die kind deurloop het. Dit sluit in identifikasies waar hy self graag soos die persone met wie hy in aanraking gekom het,wou wees ook waar hy geforseer is om soos sekere persone te word. Indien al die identifikasies saamgegooi word, vorm dit egter nog nie ŉ persoonlikheid nie (Erikson, 1968, p. 158). Die identifikasies van die verlede, hede en toekoms lewer egter almal ŉ belangrike bydrae tot die sin vir vorming van ŉ eie identiteit (Conger, 1973, p. 86; Newman, et al., 1978, p. 164-165). Maier (1969, p. 58) wys ook daarop dat die vorming van ŉ identiteit nie bloot ŉ uitvloeisel van ontwikkeling is nie, dit is ook die gevolg van die sosiale betrokkenheid in ŉ gemeenskap wat dikwels verander. Die vorming van ŉ eie identiteit, ŉ eie persoonlikheid is dus nie ŉ potpourri van identifikasies en gebeure nie. Conger (1973, p. 86) sê tereg dat iets méér vereis word naamlik die vermoë om al die suksesvolle identifikasies in ŉ samehangende duidelike, konsekwente en unieke geheel saam te voeg. Vir die Christen-gelowige opvoeder is dit egter meer as ŉ samevoeging. In die ontwikkeling van ŉ eie unieke wese met ŉ eie eenmalige persoonlikheid, word die Hand van die Skepper

duidelik gesien. Die hart van die onontslote kind en ook van die adolessent, moet terugverbind word tot Hom. Die opvoeder kan slegs ontsluit, die wasdom kom van God.

## 5.4 DIE ADOLESSENT EN 'N EIE IDENTITEIT

### 5.4.1 Inleiding

Vir die adolessent wentel 'n aantal allerbelangrikste vrae rondom sy eie identiteit. Hy soek antwoorde op die vrae: Wat is ek? Waar gaan ek heen? Watter rol vervul ek in die gemeenskap? Hoe gaan ek lyk as ek volwasse is? Gaan ek baie anders lyk as my maats? Gaan ek vir my maats aanvaarbaar wees? Sal ek voldoende ontwikkel as man of vrou? Hoekom lyk ek so anders as my maats? Hoe moet ek as volwassene lyk? Sal ek as mens die mas opkom? Sal ek kan voldoen aan die eise wat my ouers, maats en die lewe aan my stel? Sal ek myself kan handhaaf? Sal ek vir die teenoorgestelde geslag aanvaarbaar wees? Sal ek iemand vind wat spesifiek vir my omgee, my liefhet? Hoekom is ek so alleen ten spyte van baie wat ook soos ek is? Sal ek goed genoeg doen op skool? Maier (1969, p. 58) sê die adolessent vra nie noodwendig wie hy is nie, maar eerder wat hy is en in watter verband hy kan wees en word.

Die probleem van die adolessent se soeke na en verwerwing van 'n eie identiteit, word vandag algemeen gesien as die spil waarom die hele wordingsproblematiek van die adolessent wentel (Gordon, 1975, p. 335).

Johnson (1968, p. 123) asook Cilliers en Joubert (1966, p. 184-187) wys daarop dat die sosialiseringsproses gewoonlik vier stadia deurloop. Die oorgang van die een stadium na die ander verloop nie gelykmatig nie, daar is 'n diskontinue oorgang wat met 'n versteuring van die vorige ingelei word. Die gevolg daarvan is dat 'n reorganisasie van die persoonlikheid telkens vereis word. Vir die ontwikkelende persoonlikheid, derhalwe ook vir die adolessent, is hierdie reorganisasie so drasties dat dit as 'n krisis ervaar word. In die geval van die adolessent word daarna verwys as die laaste krisis wat die kind moet deurgaan voordat hy as volwassene bestempel kan word.

In die vorming van 'n eie identiteit word die belewenisse wat gedurende een ontwikkelingsfase ervaar word, nie maar net afgesny wanneer na die volgende fase beweeg word nie, daar is nog skakeling, 'n voortsetting, ten spyte van die verandering. Erikson (1956, soos aangehaal deur Conger, 1973, p. 84) beweer dat, indien die jongmens 'n geheelheid wil belewe, hy 'n progressiewe kontinuïteit moet ervaar tussen wat hy geword het, dit wil sê wat hy nou is, en wat hy hoop om te word, of soos wat hy meen ander hom sien en verwag dat hy moet word.

Die adolessent wat 'n sterk gevoel van ego-identiteit het, sien homself as 'n onderskeidende individu in sy eie reg (Conger, 1973, p. 84). Hy sien en belewe homself as 'n individu wat anders is as ander, wat homself onderskei van 'n ander met baie selfvertroue en 'n eie ego-identiteit. Conger (1973, p. 84) beweer

dat alle invloede wat meehelp om sodanige geïntegreerde persoonlikheid te ontwikkel, ook invloede bevat en vertroetel wat die selfsiening kan beskadig en verswak. Maier (1969, p. 57-58) wys daarop dat Erikson dit in sy psigoanalitiese teorie identiteitsdiffusie noem. Erikson (1968, p. 212) sien hierdie identiteitsdiffusie as 'n splitsing van die selfbeeld. Daar vind 'n afwyking, 'n verbreking, 'n verstrooiing van die kern plaas. Hy sê aanvanklik dat verstrooiing moontlik die meer korrekte woord sal wees, maar besluit dan daarteen. Die woord identiteitsverwarring is volgens hom miskien te radikaal om hierdie toestand te beskryf. Die individu mag 'n matige identiteitsdiffusie ervaar, maar tog nie heeltemal verward wees nie. Erikson (1978a, p. 151) gebruik egter later tog meer dikwels die woord, identiteitsverwarring. Omdat die woord verwarring so beskrywend is en hierdie toestand presies tipeer, sal dit vir hierdie studie gebruik word. Die adolessent is verward maar die toestand kan opgelos word. Verwarring verwys nie na 'n voltooide, permanente toestand nie. Terwyl die adolessent hierdie toestand belewe, weet hy nie herwaarts of derwaarts nie, hy is verdwaasd. Dit impliseer ook hulpverlening, remediëring, koersaanpassing en -aanduiding, weer terugplaas op die pad. Die opvoeder, ook die vader, moet dan ingryp en met sy seun in gesprek tree.

In 'n bespreking van die adolessent en sy ontwikkeling sal na raakvlakke met sy identiteitsvorming en die probleme wat daarmee gepaard gaan, gesoek word. Daar sal ook telkens gelet word op die rol, indien enige,

wat dit sal vervul in die skolastiese prestasie en of vordering van die adolessent. Om die adolessent te kan identifiseer, word eers op sy fisieke ontwikkeling gelet. Daar sal ook besin word oor hoedanig sy fisieke groei sy identiteitsvorming beïnvloed. Omdat die kognitiewe ontwikkeling ook bydra tot sy verwarring ten opsigte van identiteitsvorming, word kortliks ook by hierdie faset stilgestaan. Sy ontwikkeling, veral die meer kwalitatiewe, behoort ook raakvlakke met die skolastiese ontwikkeling van die adolessent te vertoon.

### 5.4.2 Fisieke ontwikkeling en identiteit

Die term puberteit word afgelei van die Latynse woord *pubertas* wat die ouderdom van manlikheid beteken (Marchant en Charles, 1935, p. 453). Dit verwys na die eerste fase van die adolessensie waarin die seksuele rypwording sy oorsprong het.

Die term adolessensie is afgelei van die Latynse werkwoord *adolescere* wat "om op te groei" of "om in volwassenheid in te groei", "to grow up to maturity" beteken (Marchant en Charles, 1935, p. 14; Rogers, 1978, p. 4; Bernard, 1966, p. 298; Jersild, 1957, p. 4; Garbers, 1968, p. 17). Hier is dus 'n duidelike oorgang van die stadium van kindwees na volwassenheid. Hierdie proses om in die volwassestadium in te groei, word gekenmerk deur 'n versnelde fisieke groei, veral wat die lengte en die gewig betref. Gordon (1975, p. 284), Conger (1973, p. 95) asook Mussen, Conger en Kagan (1963, p. 509) gebruik die term "growth spurt"

Hierdie *groei-ontploffing* of *groeivaart*, vind aan die begin van adolessensie plaas.

Omdat hierdie groei-ontploffing van adolessent tot adolessent verskil wat intensiteit betref, duur en ouderdom waarop dit begin, bring dit onsekerheid en twyfel mee. Maier (1969, p. 58-59) sê Erikson verwys na die vertroue wat die adolessent in sy liggaam gehad het. As gevolg van sy vinnige fisieke groei, ervaar hy 'n geweldige skok. Geleidelik moet hy homself weer herevalueer. Die balans van sy id-ego-superego integrasie, is versteur en moet weer herstel word.

Sklansky, et al. (1969, p. 19) sê dat die hele persoonlikheid van die adolessent geskud word en dat dit 'n verwarring van die ego meebring. Hurlock (1973, p. 31) wys daarop dat hierdie radikale veranderinge in liggaamsgroei vir die adolessent saamgaan met fisieke sowel as psigologiese repurkussies. Benewens gewig en lengte, vind hierdie groei-ontploffing in baie gevalle ook in die voete plaas. Dit gebeur baie keer dat die voete so vinnig groei, dat hulle, lank voordat die lengte en gewig van die res van die liggaam in verhouding vermeerder het, reeds volgroei is. Die adolessent se voete lyk dan buite verhouding. Sy gesinslede is dan juis geneig om daarop te reageer en op- en aanmerkings te maak. 'n Eenvoudige opmerking van 'n ouer dat die skoene alweer te klein is en ander gekoop moet word, sny soms diep en ontwrig. Smart, et al. (1978, p. 13) sê dat hierdie uitermate groei in voete, vir seun sowel as dogter verleentheid en bekommernis meebring.

Die seksuele rypwording met die gepaardgaande groei en ontwikkeling van die geslagsorgane, kan net soos die ander vinnige fisieke ontwikkeling vir die adolessent 'n bron van verleentheid wees (Sklansky, et al., 1969, p. 19; Cole, 1959, p. 78-82). Hierdie liggaamlike veranderinge wat die adolessent ondergaan en wat soms 'n radikale verandering in liggaamsverhoudings insluit, word deur hom intens belewe. Hy beleef homself as lomp, onhandig en vreemd vir homself. Die gevolg is dat hy homself evalueer en in baie gevalle verward, verwilderd en onseker is (Bernard, 1966, p. 299; Rogers, 1978, p. 13; Gordon, 1975, p. 281). Hy is diep, soms pynlik bewus van homself (Scheffer, 1972, p. 26; Gordon, 1975, p. 297).

Die feit dat die adolessent nie meer kind is nie, maar ook nog nie volwassene nie; dat hy nòg vis nòg vlees is; dat hy te oud is om as kind behandel te word, maar nog te onvolwasse om homself die volle regte en voorregte van volwasse wees toe te laat (Bernard, 1966, p. 299; Rogers, 1978, p. 13), maak sy onsekerheid nog meer intens.

Die liggaamsveranderinge van die adolessent sal dus ongetwyfeld sy vorming van 'n eie identiteit beïnvloed. Hy sal hard moet leun op die identifikasie met sy ouers om hom te help om die verwarring en onsekerheid te oorkom totdat hy self op sy *groot voete* kan staan. Dit sal hoogs waarskynlik ook sy skolastiese vordering en prestasie beïnvloed vanweë die emosionele betrokkenheid wat dit meebring.

Saam met die vinnige fisieke ontwikkeling vind die adolessent se psigologiese ontwikkeling en vorming van 'n eie identiteit plaas. Smart, el al. (1978, p. 59) sê dat die psigologiese ontwikkeling van die adolessent, net so dramaties is as die fisieke. Dit is juis die fisieke en psigologiese ontwikkeling wat ook die ontploffing wat identiteitsontwikkeling betref, veroorsaak. Veral die ontwikkeling van die kognitiewe, die intelligensie en ander intellektuele vermoëns gedurende adolessensie, dra baie by tot die identiteitsontwikkeling. Smart, et al. (1978, p. 148) wys daarop dat die fisiologiese ontwikkeling van die adolessent, veranderinge meebring wat hy in sy selfkonsep moet integreer. Die kognitiewe veranderinge rus die adolessent egter toe met die vermoë om op meer komplekse maniere te dink en te besin oor die self en ook sy verhouding tot die wêreld van die verlede, hede en toekoms.

### 5.4.3 Kognitiewe ontwikkeling en identiteitsvorming

Die fisieke en fisiologiese ontwikkeling van die adolessent gaan ook gepaard met 'n indrukwekkende ontwikkeling wat sy kognitiewe vermoëns betref (Conger, 1973, p. 127; Cole, 1959, p. 139; Gordon, 1975, p. 322). Hierdie vermoëns ontwikkel kwantitatief in dié sin dat die adolessent die vermoë ontwikkel om intellektuele take makliker, vinniger en meer effektief af te handel. Die ontwikkeling van die verstandelike prosesse is egter ook kwalitatief in dié sin dat hy nou 'n groter vermoë ten opsigte van die definiëring

van probleme asook die redeneervermoë ontwikkel. As dit nie vir hierdie kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe ontwikkeling van die kognitiewe vermoëns was nie, sou die adolessent nie in staat wees om aan die groter eise wat aan hom gestel word te voldoen nie. Die akademiesgerigte eise ten opsigte van opvoedkundige bekwaamhede en die ontwikkeling van beroeps- en vakvaardighede word groter. Wat die nie-akademiese aspekte betref, is die ontwikkeling van die persoonlike, sosiale en politieke waardes asook 'n sin van ego-identiteit, net so noodsaaklik (Conger, 1973, p. 127). Hierdie nuut verkreë waardes en vermoëns help die adolessent wel in die soeke na 'n eie identiteit, maar dit bring ook probleme na vore. Hy moet uit alle moontlike en denkbare verhoudings ten opsigte van persoonlike, beroeps, seksuele en ideologiese verhoudings, 'n reeks keuses maak (Erikson, 1968, p. 245). As gevolg van sy intellektuele ontwikkeling is hy egter kieskeuriger en gaan hy meer selektief te werk, met die gevolg dat die keusemoontlikhede verminder.

Die kognitiewe ontwikkeling van die adolessent word weerspieël in sy optredes en waardes soos geopenbaar teenoor ouers en gemeenskap. Nog 'n belangrike verandering by die adolessent as gevolg van die kognitiewe ontwikkeling, is sy houding teenoor homself. Dit kom veral na vore in sy persoonlikheidseienskappe en verdedigingsmeganismes. Hy redeneer ook al meer hipoteties, veral ook oor homself, maar gaan ook introspektief en analities te werk (Conger, 1973, p. 163). Vrae soos, of die aarde wel bestaan, hyself 'n werklik-

heid is en ook vrae oor sy eie toekoms, kom baie voor. Grinder (1973, p. 209) wys daarop dat die adolessent nou in staat is om deel te hê aan komplekse denkprosesse. Waar die kind se kognitiewe ontwikkelingstadium meer konkreet is, is dié van die adolessent meer abstrak.

Hierdie vermoë om abstrak te redeneer, bied vir hom vryheid, beweeglikheid en buigbaarheid wat sy denke betref. In sy denke ken hy nou geen perke van ruimte en tyd nie. Hy besit die vermoë om deur die ruimte te beweeg, te eksperimenteer met begrippe waarvan hy geen werklike ervaring het nie, onder andere die begrip oneindigheid. Hy kan ook wat sy denke betref, in enige rigting beweeg (Smart, et al., 1978, p. 60). Al hierdie ontwikkelinge en veranderinge bring by die adolessent groot verwarring mee wat betref die vorming van 'n eie identiteit. Ook wat sy skolastiese vordering betref, is dit vir hom verwarrend. Die kwalitatiewe ontwikkeling bied aan hom groter moontlikhede om, juis wat die akademiese aspek betref, beter te presteer, maar tog is dit vir hom verwarrend omdat hy nog nie sy groter vermoëns kan toepas en benut nie. Sy werkstempo, doelgerigtheid, ywer, vermoë om homself te dissiplineer asook die betekenis van alles, is vir hom nie sinvol nie. Die adolessent wat egter wel vrede met homself gemaak het, by wie die terugbinding van die hart en die ontsluiting, ook van die begrip in verband met sy kwalitatiewe ontwikkeling gedurende adolessensie plaasgevind het, behoort ook op skolastiese gebied stewig op pad te wees.
Sy opvatting en sin van 'n eie identiteit behoort ook

vir homself duideliker te wees.

## 5.4.4 Identiteitsvorming en identiteitskrisis

### 5.4.4.1 Inleiding

Die vorming van 'n eie identiteit bereik tydens adolessensie 'n krisis (Erikson, 1965, soos aangehaal deur Grinder, 1973, p. 5). Die adolessent bevind hom gedurende die identiteitskrisis in 'n unieke situasie. Hy ontvang aan die een kant dit wat onveranderbaar is, naamlik 'n spesifieke tipe liggaam, 'n temperament, begaafdhede, kwesbaarheid en kindermodelle. Aan die ander kant is daar bykans onbeperkte keuses ten opsigte van beskikbare rolle, beroepsmoontlikhede, 'n variasie van waardes, verskillende raadgewers, vriendskappe wat gesluit kan word, asook die eerste meer ernstige ontmoetings met die teenoorgestelde geslag (Erikson, 1978a, p. 149). Dit is dus duidelik dat die ontwikkeling van 'n eie identiteit derhalwe vir die adolessent baie moontlik in 'n krisis kan ontwikkel.

Maier (1969, p. 58) wys daarop dat hierdie ontwikkelingstadium 'n polarisasie tussen die sin vir identiteit en die oorkoming van die sin vir identiteitsdiffusie, ook identiteitsverwarring, verteenwoordig. Aan die een kant is daar 'n strewe na integrering van die innerlike en uiterlike aangeduide rigtings. Aan die anderkant is die diffusie, die verwarring wat lei tot 'n gevoel van onsekerheid te midde van baie verwarrende innerlike en uiterlike eise. Die onsekerheid en verwarring moet gedurende die adolessensie opgelos

word. Indien dit nie gebeur nie, kan kortstondige maar ook permanente versteurings na die volwasse stadium oorgedra word. Aangesien hierdie verwarring wat by die adolessent kan ontstaan, die seun ook op skolastiese gebied sal beïnvloed, is dit nodig dat oor die aangeleentheid van identiteitsvorming deeglik besin word.

### 5.4.4.2 Epigenese van identiteit

Deur die diagram van Erikson, wat die ontwikkelingsfases of lewensiklus, sy epigenese van identiteit bevat (Maier, 1969, p. 68; Erikson, 1978b, p. 282) te bestudeer, word dit verder duidelik hoe belangrik die adolessent se identiteitsvorming is. Die nuutste diagram verskil tot 'n mate van die oue, maar omdat die nuwe verwys na die nuwere begrip van identiteitsverwarring, word dië gebruik ten einde sy nuwere, veranderde begrippe ook in te sluit. Omdat hierdie navorsing die adolessent betrek, sal net die vlakke waar adolessensie hanteer is, bespreek word, alhoewel die diagram volledig gegee is.

Vir hierdie navorsing is 'n X-as en Y-as ingevoeg sodat gebruik gemaak kan word van koördinate om elke *stadium* en of *faset* uit te wys waar *stadium* verwys na 'n tydperk in die lewe van die mens, byvoorbeeld *skoolouderdom* en *faset* verwys na 'n faset van die persoonlikheidsontwikkeling, byvoorbeeld *inisiatief versus skuldgevoel* (3;3). Die ewewydige lyne wat van links onder na regs bo getrek is, is ingevoeg om die spesifieke faset van die persoonlikheidsontwikkeling wat

**FIGUUR 5.1 EPIGENESE VAN IDENTITEIT**

Diagram na analogie van Erikson (1978b. p. 283) se kaart van die lewensiklus

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Y | | | | | | | | |
| 8<br>Rype ouderdom | | | | | | | | (8;8)<br>integriteit<br>*versus*<br>vertwyfeling |
| 7<br>Volwassenheid | | | | | | | (7;7)<br>produktiwiteit<br>*versus*<br>stagnasie | |
| 6<br>Jongmensjare | | | | | | (6;6)<br>vertroulikheid<br>*versus*<br>isolering | | |
| 5<br>Adolessensie | tydsperspektief<br>*versus*<br>tydsverwarring | selfversekerdheid<br>*versus*<br>selfbewustheid | roleksperimentering<br>*versus*<br>rolfiksering | prestasieverwagting<br>*versus*<br>werkskuheid<br>(lamheid) | (5;5)<br>identiteit<br>*versus*<br>identiteitsverwarring | seksuele<br>polarisasie<br>*versus*<br>biseksuele<br>verwarring | leier- en volgelingskap<br>*versus*<br>gesagsverwarring | ideologiese verbondenheid<br>*versus*<br>verwarring van waardes |
| 4<br>Skoolouderdom | | | | (4;4)<br>arbeidsaamheid<br>*versus*<br>minderwaardigheid | taakidentifisering<br>*versus*<br>sin van nutteloosheid | | | |
| 3<br>Speelouderdom | | | (3;3)<br>inisiatief<br>*versus*<br>skuldgevoel | | rol-verwagting<br>*versus*<br>rol-inhibering | | | |
| 2<br>Vroeë kinderjare | | (2;2)<br>selfstandigheid<br>*versus*<br>beskaamdheid, twyfel | | | wil tot selfwees<br>*versus*<br>selftwyfel | | | |
| 1<br>Baba-jare | (1;1)<br>vertroue<br>*versus*<br>wanvertroue | | | | wedersydse erkenning<br>*versus*<br>outistiese afsondering | | | |
| $X^1$ $Y^1$ | Baba jare 1 | Vroeë kinderjare 2 | Speelouderdom 3 | Skoolouderdom 4 | Adolessensie 5 | Jongmensjare 6 | Volwassenheid 7 | Rype ouderdom $8_X$ |

gedurende 'n spesifieke stadium van ontwikkeling plaasvind, te aksentueer. Die faset van die persoonlikheidsontwikkeling wat vir die adolessentestadium (vgl. koördinate 5;5) die belangrikste is, naamlik *identiteit versus identiteitsverwarring* (vgl. ook koördinate 5;5), is vir hierdie navorsing geaksentueer deur dit in 'n bykomende reghoek te plaas.

Die diagram van Erikson dui 'n opeenvolging van agt ontwikkelingstadia, naamlik vanaf *babajare* tot *rype ouderdom* aan. Dit dui ook die geleidelike ontwikkeling van die fasette van die persoonlikheidsontwikkeling aan. Gedurende elke stadium word verwys na 'n spesifieke faset van die identiteit wat vir daardie spesifieke stadium in die persoonlikheidsontwikkeling die belangrikste is. Vir die stadium van ontwikkeling genoem *skoolouderdom* (vgl. koördinate 4;4) byvoorbeeld, is die faset van persoonlikheidsontwikkeling *arbeidsaamheid versus minderwaardigheid* (vgl. koördinate 4;4). Elke faset van die persoonlikheidsontwikkeling is verwant aan al die ander fasette. Elkeen is ook afhanklik van die behoorlike ontwikkeling in behoorlike volgorde van die vorige. Elke faset bestaan ook reeds in een of ander vorm voordat *sy* beslissende en kritieke tyd normaalweg aanbreek (Erikson, 1978b, p. 282-283).

Erikson (1978b, p. 282) wys daarop dat die ontwikkeling, dus ook die rypwording van die mens, geleidelik plaasvind deur die ontvouing in 'n bepaalde volgorde, naamlik lokomotoriese, sensoriese en sosiale vermoëns. Die persoonlikheid ontwikkel in hierdie voorafbepaalde

volgorde, maar slegs wanneer die persoon daarvoor gereed is, om dan, volgens Erikson, na die spesifieke stadium *gedryf te word.* Die besondere taak van die opvoeding spreek duidelik. Dis nog die opvoeder se taak om hierdie vermoëns, hierdie groeifases by die opvoedeling te ontsluit, sodat die spesifieke ontvouing in die lewe van die volwassewordende kan plaasvind. Dit dui ook onteenseglik daarop dat 'n spesifieke ontvouing slegs kan plaasvind wanneer die individu daardie spesifieke stadium van rypwording bereik het. Die teendeel is egter ook waar. Indien 'n stadium bereik word, móét die ontsluiting wat sal lei tot ontvouing, wel plaasvind, anders benadeel en vertraag dit die volgende ontwikkelingstadium. Die vader móét dus die seun ontsluit wat betref die ontvouing van sy geslagsrolidentiteit, want dit sal weer lei tot sy skolastiese en manlike beroepsgerigtheid.

Die belangrikheid van die adolessentestadium in die ontwikkeling van die mens kom ook duidelik na vore indien na die diagram van Erikson (vgl. fig. 5.1) gekyk word. Die aantal fasette wat rondom die kerntweetal van *adolessensie* (5;5), naamlik *identiteit versus identiteitsverwarring* (5;5) sentreer, is verreweg die meeste. Horisontaal is daar sewe fasette en vertikaal vier. So gesien, is die adolessentestadium die belangrikste ontwikkelingstadium in die mens se lewe, veral indien dit met die ander sewe ontwikkelingstadia vergelyk word. Dit is ook so dat elke faset in die verskillende stadia van die persoonlikheidsontwikkeling, telkens verwant is aan, en gereflekteer word in 'n faset of fasette van die per-

soonlikheidsontwikkeling van die adolessent. Vergelyk byvoorbeeld stadium agt: *rype ouderdom*, koördinate (8;8). Hierdie stadium se faset van persoonlikheidsontwikkeling naamlik *integriteit versus vertwyfeling* kom ooreen met en is verwant aan die faset *ideologiese verbondenheid versus verwarring van waardes* van die adolessentestadium - koördinate (8;5). Hierdie faset van die ontwikkeling van die persoonlikheid van die adolessent (8;5) word derhalwe weer gereflekteer in die faset (8;8) gedurende die stadium *rype ouderdom*. Die faset *integriteit versus vertwyfeling* (8;8) is derhalwe afhanklik daarvan dat die faset *ideologiese verbondenheid versus verwarring van waardes* (8;5) gedurende *adolessensie* behoorlik en volledig verloop en ontwikkel. In die geval van die ontwikkelingstadia een tot vier, dit wil sê, tot voor *adolessensie*, word daar telkens twee fasette gevind wat met die ooreenstemmende faset van die adolessentestadium ooreenstem naamlik 'n horisontale sowel as 'n vertikale faset. Vergelyk byvoorbeeld: stadium twee - *vroeë kinderjare*, koördinate (2;2). Hierdie stadium se faset van persoonlikheidsontwikkeling, naamlik *selfstandigheid versus beskaamdheid, twyfel*, korrespondeer met die fasette met koördinate (5;2) en (2;5) van die adolessent se persoonlikheidsontwikkeling naamlik *wil tot self-wees versus selftwyfel*, en *selfversekerdheid versus selfbewustheid*. Elke faset van die *adolessensie* word dus, hetsy teruggereflekteer na 'n voor-adolessentestadium, of dit word verder gereflekteer in 'n stadium van ontwikkeling van die volwasse lewe, naamlik stadia ses tot agt. Die volgende afleidings kan derhalwe gemaak

word:

* Indien die voor-adolessentestadia van ontwikkeling volledig en gelykmatig verloop, sal dit meebring dat die adolessent se ooreenstemmende fases van ontwikkeling ook vollediger en gelykmatiger verloop. Vergelyk weer koördinate (2;2) met (5;2) en (2;5). Indien gedurende die *vroeë kinderjare* (2;2) die persoonlikheid van die kind sodanig ontwikkel het dat 'n balans gevind is tussen *selfstandigheid en bekwaamheid, twyfel*, behoort dit gereflekteer te word in die adolessentefasette van ontwikkeling naamlik (5;2) en (2;5). Dit sal meebring dat die verwarring wat by die adolessent heers tussen: *selfverseekerdheid versus selfbewustheid* (2;5) en *wil tot self-wees versus selftwyfel* (5;2), makliker opgelos sal word. Dit sal by implikasie meebring dat die identiteit van sodanige adolessent gouer sal stabiliseer. Die noodsaaklikheid van die teenwoordigheid van die vader in die lewe van die seun, in elke stadium van ontwikkeling, dit wil sê, voor asook tot en met die *adolessensie*, word benadruk. In die voorbeeld wat bespreek is sal vaderontbering op dié stadium (2;2) negatief gereflekteer word in (2;5) en (5;2) van die adolessentefasette.

'n Volledige identiteitsvorming gedurende *adolessensie* (5;5), dit wil sê, waar die polarisasie positief verloop en die verwarring opgelos is, sal 'n positiewe reflektering tot gevolg hê in 'n volwassestadium van ontwikkeling. Indien by-

voorbeeld faset (7;5) van die identiteitsontwikkeling van die adolessent sodanig suksesvol verloop dat die verwarring verwerk en opgelos is, behoort dit te reflekteer in die volwassestadium (7;7) dit wil sê *volwassenheid* - stadium sewe. Dit bring mee dat indien faset (7;5) naamlik *leier- en volgelingskap versus gesagsverwarring* vir die adolessent suksesvol verloop sodat 'n goedgebalanseerde adolessent die volwasse lewe betree, behoort dit ook positief te reflekteer in sy volwasse lewe naamlik in (7;7). Dit impliseer dat 'n groter balans sal bestaan tussen *produktiwiteit versus stagnasie* en dit mag dus meehelp dat so 'n volwassene groter produktiwiteit aan die dag sal lê.

Die probleme wat vir die adolessent met sy persoonlikheidsontwikkeling rondom die identiteitsvorming en identiteitsverwarring sentreer, kom duidelik na vore wanneer ook gelet word op die ander fasette van die persoonlikheidsontwikkeling. Dit is nie slegs tussen identiteitsvorming en identiteitsverwarring wat die polarisasie plaasvind nie. Tussen elkeen van die fasette van die adolessent se ontwikkeling moet net so 'n polarisasie plaasvind. Dit sal uiteindelik bepaal hoedanig die adolessent sy identiteitsverwarring verwerk en opgelos het en 'n stewige eie identiteit ontwikkel. Uit die bespreking van elkeen van hierdie fasette sal dit ook duidelik word hoe essensieel die adolessentestadium is. Hierdie fasette word kortliks bespreek na aanleiding van die siening

van Erikson soos aangehaal deur Maier (1969, p. 62-63).

Faset 1: *Tydsperspektief versus tydsverwarring* (1;5)

'n Begrip van tyd is noodsaaklik vir identiteitsvorming. Indien tydsperspektief 'n probleem is, gebeur een van twee dinge: òf die persoon vereis onmiddellike aksie, òf hy immobiliseer homself omdat hy teleurstelling vrees, en hoop dat die tyd sal stilstaan sodat die teleurstelling nie bewaarheid word nie. Soms maak die adolessent van 'n vertragingstaktiek gebruik en leef hy terug in die verlede. Op die manier vertraag hy beplanning. Hy voel wel 'n dringendheid om te handel, maar tree op asof tyd nie belangrik is nie. Moeilikheid word ondervind om te begin werk, maar ook om weer daarmee op te hou. Die werk word ook nie altyd afgehandel nie (Smart, et al., 1978, p. 65).

Slegs as hy sy lewe in definitiewe perspektief met tyd sien, kan dit lei tot 'n besef en verwerwing van 'n volle identiteit. Erikson (1968, p. 139) beweer dat tydsperspektief by die adolessent ook belangrik is vir die ontwikkeling van 'n sin vir integriteit. Dit is die aanvaarding van die eie bestaan en eie lewensiklus wat inpas by die nou, die huidige tyd, saam met ander persone. Vir laasgenoemde persone is daar ook geen plaasvervangers nie. Smart, et al. (1978, p. 65) sê dat die adolessent deur sy kognitiewe groei, met die gepaardgaande nuwe tydsperspek-

tief, vasgevang word deur die oorweldigende belangrikheid van die huidige moment, maar ook deur die misterieuse vreugde om op te gaan in 'n ewige entiteit.

Smart,et al. (1978, p. 65) verwys na die oriëntering van tyd as die vermoë om te wag voordat daar gereageer word op 'n probleem. Hierdie vermoë om te wag toon 'n korrelasie met sukses, wanneer 'n sekere tipe probleem opgelos word. Die vertraging of wegwys van direkte beloning sodat later meer voordele en plesier verwerf kan word, is 'n aspek van toekomsoriëntering. Vir die adolessent wat realisties na 'n toekoms kyk waarin hulle vergoed word vir vertraagde beloning, is toekoms-tydoriëntering funksioneel.

Op skolastiese gebied is dit noodsaaklik dat die adolessent hom oriënteer ten opsigte van tyd. Die al groter wordende eise op akademiese gebied, wat ook spesialisering insluit, vereis dat op die punt af gewerk word om sukses te behaal. Tyd speel hier 'n belangrike rol in die beplanning van die nou, die hede, maar ook wat die toekomsbeplanning, die beroepsgerigtheid betref. 'n Paar jaar langer van voorbereidende studie op tersiêre vlak, verseker groter voordele in die latere lewe. Smart,et al. (1978, p. 65) meen ook dat probleme rondom tyd vandag selfs belangriker is as ooit tevore, gesien die altyd teenwoordige moontlikheid van uitwissing van die mensdom.

Faset 2: *Selfversekerdheid versus selfbewustheid* (2;5)

Selfversekerdheid behels 'n stryd tussen identiteitsbewustheid aan die een kant en identiteitsontvlugting aan die ander kant. Ontvlugting verwys na 'n terugtrekking in onverskilligheid. Gedurende adolessensie word soms 'n houding van absolute verwaandheid teenoor oorgevoeligheid vertoon. Dit lyk asof die voorkoms al is wat tel, al is wat belangrik is, of ook die teenoorgestelde, asof dit glad nie van belang is nie. Slegs wanneer die bewustheid van die self en dit wat hy voorhou en uitleef, dit wil sê aan ander oordra, ooreenstem, bereik hy sekerheid in homself. Dit volg dat hy dan 'n sin het vir die eie identiteit, terwyl hy nie meer selfbewus is nie en die twyfel en verwarring oor homself en sy eie outonomie oorwin het.

Conger (1973, p. 166) sê dat die ontwikkeling van die kognitiewe vermoëns gedurende adolessensie, verseker dat 'n sin vir identiteit ontwikkel. Hy haal dan Osterrieth (1969) aan wat sê dat dit juis die intellektuele veranderinge is wat die adolessent vrae oor homself laat vra, wat meebring dat hy oor homself wonder en wat dan ook uiteindelik die aanvaarding bring. Hierdie aanvaarding of persipiëring van die self, bring dan ook die nodige selfversekering. Vrey (1974, p. 61) wys daarop dat dit juis in verhouding en in vergelyking met ander persone is dat die adolessent homself kan sien en evalueer en dan tot die begrip van die self kan kom. Dit volg dus dat

die ouer-adolessentverhouding 'n betekenisvolle bydrae kan maak tot die vorming van die selfkonsep.

Die selfversekerde student sal ook op skolastiese gebied weet waarheen hy wil. Dit sal meebring dat hy ook sy taak doelgerig en met vertroue sal aanpak en deurvoer. Dit behoort derhalwe by te dra tot groter sukses.

Faset 3: *Roleksperimentering versus rolfiksering (negatiewe identiteit)* (3;5)

Die ontwikkelende kind kry baie geleenthede om met baie verskillende rolle te eksperimenteer. Vir die adolessent kan roleksperimentering problematies wees want dit hou die gevaar van veroordeling in. In baie gevalle eksperimenteer hulle juis met die uiterste gevalle en met dié waaroor die volwassenes frons. Identiteit, hetsy positief of negatief, hang uiteindelik af van die suksesvolle eksperimentering met 'n wye variasie van rolle.

Dit is noodsaaklik dat die adolessent homself moet stabiliseer wat sy integrering van 'n eie rol in die samelewing betref. Dit word duidelik, indien besin word oor 'n negatiewe identiteit wat kan ontstaan as die roleksperimentering nie uiteindelik positief verloop en in 'n spesifiek positiewe identiteit stabiliseer nie. Erikson (1978a, p. 150) verwys na die negatiewe en donkerkant van identiteitsvorming wat die hele lewe deur 'n onbeheerbare deel van die totale identiteit kan vorm. Hy sê dat elke persoon en elke

groep in homself ook 'n negatiewe identiteit omdra. Hierdie negatiewe identiteit is die somtotaal van al die negatiewe identifikasies en brokkies identiteit wat die individu in homself opgeneem het en wat onwenslik en onversoenbaar is. Die adolessent kon dit ook van 'n groep aangeleer het. Die groep kan by hom die verwagting van 'n geheel ander rolfiksering as die van die gemeenskap skep wat seks, ras, klas, groep of godsdiens betref. In die geval van krisisse mag die individu nou twyfel aan sy vermoë om hierdie negatiewe elemente wat ingesluit is in sy identiteit, in toom te hou. Indien die belofte van 'n geheel versekerde identiteit nou vervaag, kan dit lei tot woede-uitbarstings by die individu. Dit kan ook gebeur dat die individu, vanweë sy negatiewe elemente, volle integrering by die gemeenskap ontsê word en so stewig op die pad van die misdadiger geplaas word.

Die adolessent wat in sy eksperimentering met verskillende rolle so gou as moontlik stabiliseer en koers kry, behoort ook op skolastiese gebied gouer groter sukses te behaal. Die betrokkenheid van die vader, ook as opvoeder, in die seun se lewe, volg direk. Die vader wat sy seun stewig by die hand neem, inlei in en hulp verleen met sy roleksperimentering, dit, onder andere,met begrip hanteer, help daardeur sy seun om ook op skool sukses te behaal.

Faset 4: *Prestasieverwagting versus werkskuheid (lamheid, traagheid)* (4;5)

Dit is noodsaaklik dat die adolessent in sy sin vir

werksaamheid, wat ook vlyt en ywerigheid insluit, volhard. Dit behoort ook verkieslik 'n volgehoue verloop te volg. Die fokus op die prestasieverwagting behoort daarom suiwer te wees. Die teendeel, naamlik die stryd om 'n taak te voltooi, of selfs om daarmee te begin, kom ook voor. Die adolessent toon die neiging om dan juis te peins oor die toereikendheid van sy vermoëns. Dit is nie 'n aanduiding van gebrek aan bekwaamheid nie, omdat dit in baie gevalle juis die begaafdes is wat hierin verstrik raak. Smart (1978b, p. 200) wys daarop dat die faktore wat bydra tot die vorming van 'n stewige sin vir identiteit, ook bydra tot die vorming van onafhanklikheid, verantwoordelikheid en 'n behoefte en dryfveer tot prestasie, en wel omdat daar gemeenskaplike gronde is. Sy sê ook dat die sukses of mislukking op skool, beïnvloed word deur wat die kind van homself verwag. Dit wat hy van homself verwag, graag wil bereik, mag baie hoër wees as waartoe hy in staat is.

Die adolessent wat derhalwe die verwarring wat gelyktydige prestasieverwagting en werkskuheid na vore bring, kan verwerk en homself stewig oriënteer, behoort, wat sy skolastiese prestasies betref, onteenseglik op die pad na sukses geplaas te wees.

Faset 5: *Seksuele polarisasie versus biseksuele verwarring* (6;5)

Dit is vir die adolessent noodsaaklik dat sy biseksuele konflik opgeklaar word. Hy moet uiteindelik met sy eie geslagsrol identifiseer. Daar bestaan

ook ŉ behoefte by die adolessent om homself uiteindelik te onderskei as manlik of vroulik. Hy kan homself nie sien, voorstel en vereenselwig met ŉ bietjie van elke geslag nie. Gedurende adolessensie ontstaan situasies waar geëksperimenteer kan word. Dit moet egter opgelos word om te verseker dat hy, wat sy geslagsidentiteit betref, die verwarring uit die weg ruim. Dit sal verseker dat sy sin vir ŉ identiteit soos voorgeskryf deur volwassenes van sy eie geslag, bevredigend verloop.

Smart (1978a, p. 139) stem saam met die ontwikkeling van ŉ sin vir identiteit die ontwikkeling van ŉ identiteit as man of vrou insluit. Die adolessent worstel met die volgende vrae rondom sy eie geslagswording:

* Wat beteken dit om ŉ volwassene van my geslag te wees?
* Watter soort volwassene is ek in staat om te word?
* Sal ek aanvaarbaar wees soos ek is?

Smart sê verder dat die voorskrifte van die kultuur en gemeenskap nie duidelik is nie. Dit laat ruimte vir heelwat verskillende interpretasies wat meebring dat die adolessent ŉ keuse moet maak sonder om presies te weet of sy keuse die korrekte is. By die adolessent bring dit baie onsekerheid, angs, spanning en verwarring mee. In baie gevalle word daar gekompenseer en ontlading van die spanning gesoek deur kursusse op sekondêre of tersiêre vlak te staak.

Vir die seun wie se skolastiese onderrig uiteindelik lei tot beroepsgerigtheid, is dit derhalwe van die allergrootste belang dat hy gedurende adolessensie, ook wat hierdie faset van sy identiteit betref, die verwarring moet uitklaar. Indien wel, sal dit verseker dat hy ook op skool, nie sal tou opgooi nie en homself so goed as moontlik voorberei.

Faset 6: *Leier- en volgelingskap versus gesagsverwarring* (7;5)

Die adolessent se vermoë om te lei en ook om te volg indien gelei word, moet ooreenstem met die toekenning van gesagsposisies soos deur die gemeenskap bepaal. Hy moet 'n duidelike waardering vir gesag openbaar. Hy moet ook in staat wees om hom aan gesag te onderwerp. Indien dit van hom verwag word, moet hy ook in staat wees om leiding te neem en gesag af te dwing. 'n Uitsondering en duidelike afbakening is hier noodsaaklik vir die verwerwing van 'n positiewe identiteit. Hurlock (1973, p. 83) benadruk ook die feit dat die adolessent homself wil laat geld, deur in opstand te kom teen gesag. Hierdie opstand is nie alleen gerig teen ouers en onderwysers nie, maar ook teen alle wettige gesagsliggame, asook teen alle gesagsdraers.

Die adolessent wat 'n identiteit ontwikkel waar daar nie gesagsverwarring bestaan nie, behoort ook in sy skakeling met gesagsfigure, hetsy op sekondêre of tersiêre vlak van sy opleiding, positiewe skakeling te vind. So 'n adolessent behoort wat die skolastiese

sy betref, daarby te baat.

Die adolessent wat of 'n ontevrede leier of navolger is, is sosiaal swak aangepas (Hurlock, 1973, p. 114). Die gevolg hiervan is weer 'n verwarring in gesagsverhouding, met die moontlikheid van swak skolastiese prestasies.

Faset 7: *Ideologiese verbondenheid versus verwarring van waardes* (8;5)

Die adolessent moet 'n basiese filosofie, ideologie of religie uitsoek wat vir hom die anker in sy lewe kan voorsien. Talle keusemoontlikhede bestaan gedurende die adolessensie. Smart (1978b, p. 195) wys daarop dat die adolessent intellektueel in staat is om oor die religie abstrak te redeneer. Die wisselwerking tussen die adolessent en sy kerk is ook essensieel in die ontwikkeling van 'n eie sin vir identiteit.

Die adolessent is geneig om onversetlik te wees in sy vooroordele. Hy is ook geneig om strydlustig lojaal te wees aan sy eie groep se idees en waardes. Hierdie drang om téén iets te wees, is een van die adolessent se grootste behoeftes. Deur hulleself en hulle idees teenoor dié van die teenoorgestelde groep te plaas, verstewig hulle die sin vir die eie.

Conger (1973, p. 166) verwys na Osterrieth wat sê dat die waardes wat die adolessent uittoets asook die

idees en opinies wat hy met sowel vuur as onbedagsaamheid verdedig, meer 'n soeke na 'n definiëring van homself is. Dit is soveel keer sy pogings om slegs *te wees*, om homself *te word*.

Dit is egter ook noodsaaklik dat die adolessent die verwarring rondom die religie gou uitklaar. Indien dit wel gebeur, sal dit vir hom steun bied in die vorming van 'n eie identiteit. Die adolessent wat in 'n Christelike huis en gemeenskap opgroei, wat in 'n skool onderrig ontvang wat Christelik georiënteerd is, behoort daarby te baat en gou koers te kry in die vorming van 'n eie identiteit. Die stewige anker van sodanige adolessent, wat in die Woord van God gefundeer is, behoort ook by te dra om hom te motiveer, om hom doelgerig te skool, ook op skolastiese gebied. Die sekere wete dat hy 'n taak en doel het om in *Sy* diens 'n bydrae te lewer, behoort verder te dien as motivering om op skolastiese gebied te presteer. Ook die terugbinding van die adolessent se hart tot Hom, deur die opvoeding van die Christengelowige vader, sal daartoe meehelp.

### 5.4.5 Selfkonsep van die adolessent en identiteit

#### 5.4.5.1 Inleiding

In die strewe na en vorming van 'n eie identiteit, is die adolessent besig om tot 'n eie siening van homself te raak. Die selfsiening of selfkonsep wat hy ontwikkel, is dan ook sy evaluering en siening van hom-

self. Dit impliseer hoe hy homself realiseer, homself verwesenlik. Hoe hy konkrete gestalte gee aan homself, hy as persoon, hy as nuwe individu. Gordon (1975, p. 283) sê dat die adolessent homself herdefinieer. Hy ontdek nuwe aspekte van homself, wysig en verander sy vorige selfkonsep en tree na vore met 'n nuwe sin vir identiteit. Dit is egter nodig dat die adolessent realisties moet wees in hierdie herdefiniëring van homself. Hy kan homself òf oorevalueer òf onderevalueer. In albei gevalle werk dit mee tot vorming van 'n eie identiteit. Hoe groter die ooreenkoms tussen sy eie selfkonsep, sy eie evaluering en die objektiewe beoordeling deur ander persone, hoe beter vir die adolessent, want dan verloop die identiteitsvorming met minder spanning (Cole, 1959, p. 405).

Die adolessent is in hierdie sentrering rondom die selfkonsep besig met homself, met sy fisieke self, sy intellektuele self, maar ook sy sosiale self en sy emosionele self. Daar is reeds gewys op die groot betekenis van die fisieke en ook kognitiewe en psigologiese ontwikkeling by die vorming van 'n eie identiteit. In hierdie soeke na homself is dit egter nie net met homself wat die adolessent besig is nie. In sy herwaardering, sy heroriëntering van homself, kom hy met sy vinnig ontwikkelende liggaam en alles wat daarmee gepaard gaan en in sy identiteitsverwarring, nog altyd in aanraking met mense. Dit is veral sy verhouding met sy ouers en sy portuurgroep van dieselfde geslag wat ook as dwarskykers

optree, maar ook met sy portuurgroep van die teenoorgestelde geslag wat grootliks daartoe bydra dat die adolessent ŉ herwaardering van homself moet maak. Dit beïnvloed sy selfkonsep en ook die vorming van die eie identiteit. Dit sal derhalwe die verhouding tussen seun en vader beïnvloed, asook sy skolastiese vordering. Aan hierdie aspekte word dus ook kortliks aandag gegee.

### 5.4.5.2 Ouer-kindverhouding, selfkonsep en identiteit

Die adolessent se nuwe intellektuele vermoë, sy wegbreek van ŉ beperkte visie, bring mee dat hy sy ouers deur ŉ ander bril sien (Gordon, 1975, p. 301). Hy besef dat hulle nie volmaak is nie. Hulle wat sy stewige anker was, begin losraak, hulle het ook voete van klei. Sy ouers wat antwoorde op al sy vrae en oplossings vir al sy probleme gehad het, kan hom nie nou meer in alles help nie. Sommige probleme moet hy self oplos. Hierdie ontgogeling bring verwarring mee. Dit is vir hom nodig om ŉ herwaardering van sy verhouding met sy ouers te maak. Ook hier vind ŉ verskuiwing plaas, wat ŉ herwaardering van die selfkonsep impliseer. In ŉ vinnige veranderende wêreld is die ouers self soms sodanig verward dat hulle twyfel aan wat reg of verkeerd is (Smart, 1978a, p. 111). Vir die adolessent bring dit in sy identiteitsvorming nog groter verwarring mee.

Sy ouers was in sy oë altyd met baie mag beklee. Nou sien hy hulle meer in perspektief. Hy begin besef

dat sy ouers nie die posisie kan bly behou as hy groot word nie. Hy word self nou ook met meer mag beklee. Soms veroorsaak dit 'n skuldgevoel. As kompensasie om die balans te bewaar, beweeg hy soms weg van sy ouers deur hulle skynbaar minder lief te hê. Die ouers wat dit nie kan aanvaar nie, skep 'n situasie waar die adolessent rebels móét raak en wegbreek of toegee. Dit is dus vir die adolessent onmoontlik om tegelykertyd lief te hê en nie oor te gee nie (Gordon, 1975, p. 281). Die adolessent is egter nog van sy verbondenheid aan sy ouers afhanklik, alhoewel nie meer so afhanklik as toe hy jonger was nie (Smart, 1978a, p. 121). Hy soek ook nog sy ouer se liefde. Grinder (1973, p. 379) wys daarop dat die adolessent nog die ouer se emosionele ondersteuning vereis. Die adolessent wat nie emosionele tevredenheid tuis vind nie, ervaar 'n algemene gevoel van ontoereikendheid en het 'n lae selfevaluering (Grinder, 1973, p. 394). Dit is noodsaaklik dat ook hierdie verwarring vir die adolessent positief opgelos word ten einde 'n gebalanseerde identiteit te ontwikkel. So 'n gebalanseerde identiteit sal steeds 'n liefhê van en 'n betrokkenheid met die ouers insluit.

Die adolessent se nuwe veld van visie en belangstellings bring mee dat hy met baie persone van verskillende agtergronde in aanraking kom. Hy begin dus al hoe meer in 'n wêreld beweeg wat verskil van dié waaraan hy gewoond was en waarin hy slegs saam met sy ouers beweeg het. Daarby bring sy intellektuele ontwikkeling, sy akademiese verbondenheid met skool

en universiteit asook sy akademiese gerigtheid, mee dat hy vir homself begin dink en sy eie standpunt formuleer. In sy akademiese ontwikkeling word hy dan ook vergoed vir sy selfstandige denke en vermoë om te redeneer (Hurlock, 1973, p. 121). Hierdie vermoëns van hom bring mee dat hy ook krities staan teenoor sy ouers. Hy bevraagteken hulle optrede, hulle persoon, maar ook hulle sosiale en morele waardes. Ook dit is vir die adolessent verwarrend. Hy kan eers weer gebalanseerd optree as sy identiteitsvorming sodanig ontwikkel het dat hy vir homself morele waardes, norme en standaarde ontwikkel het, wat aanvaarbaar is vir ouers, gemeenskap en homself. Dan kan vader en seun mekaar ook vind sodat die vader sy seun in die volwasse lewe kan inlei, ook wat sy skolastiese voorbereiding betref. Dit is ook noodsaaklik vir die só dringende vereiste identifisering van seun met vader.

#### 5.4.5.3 Dwarskyker, selfkonsep en identiteit

Die adolessent se selfkonsep, wat ook die evaluering van die self insluit, bepaal sy gedrag en optrede teenoor ander persone (Cole, 1959, p. 405). Sy selfkonsep en sin vir identiteit sluit 'n duidelike begrip in van hoe hy by sy leeftydsgenote inpas (Smart, 1978a, p. 109; Gordon, 1975, p. 317). Die beeld wat hy van homself opbou, dus sy selfkonsep, is ook tot 'n groot mate gebaseer op die beeld wat hy meen ander van hom het, of wat hulle dink hy behoort te wees. Indien sy vinnige liggaamlike ontwikkeling afwyk van dít wat hyself idealiseer en verskil van dié van die

portuurgroep, het dit 'n baie negatiewe effek op sy selfkonsep. Hurlock (1973, p. 38) sê dat niks die jong adolessent 'n groter gevoel van sekuriteit en selfvertroue gee as wanneer hy so baie na sy maats lyk, so effektief by hulle inskakel, dat hy nie aandag op homself vestig nie. Omdat sy leeftydsgenote, hulle wat hom van die skuinste af, uit die hoek van die oog bekyk en beoordeel, die dwarskykers, ook soms sy grootste kritici is, is die adolessent nog meer daarop ingestel om soos sy eie groep te lyk, te dink en te doen. Gordon (1975, p. 365) verwys na hulle as die arbiters wat die medestanders as persoon en ook hulle gedrag beoordeel volgens die reëls van die spel. Hulle vereis eenvormigheid en die aanvaarding van standaarde deur hulle as leeftydsgenote daargestel. Afwyking van die groep word gewoonlik deur die adolessent self beleef as ondergeskiktheid (Hurlock, 1973, p. 38). Dit veroorsaak 'n gevoel van minderwaardigheid.

Gordon (1975, p. 313) wys daarop dat die eie groep, die leeftydsgenote, aan die adolessent 'n ontvlugtingsmedium verskaf. Die konflik, druk en verwarring wat by die adolessent ontstaan as gevolg van die reeds genoemde probleme en die eise van die volwassekultuur, huis en skool, word gesublimeer en verwerk in hierdie eie beskermingsgroep. In die groep kan hy vry wees, sonder bindinge, onopsigtelik wees, tog anders wees as die volwassenes. Vandaar die verskil soms in hare, klere, doen en late. Andersson en Ekholm (1971b, p. 6) wys daarop dat die adolessente hulle onafhanklikheid van hulle ouers moet toon deur

die dra van spesiale klere, spesiale haarstyle, te luister na spesiale soorte musiek, dit wil sê deur soms net anders te wees. Deur hierdie opsigtelike, anderse optrede, verwerf hulle soms ook eiesoortige benaminge vir die groep.

Perquin (1962, p. 73) verwys na die vryheidsbelewing van die adolessent wat die vry en los wees van bindinge deur middel van hulle kleding, gedrag en omgang benadruk. Hansen (1978, p. 535) verwys na hulle as die "'groovy', 'hip', and 'now' adults", wat hulle hare laat groei, hulle spraak wysig, hulle opsigtelik klee om aan te dui dat hulle die sedes en idiome van die jeug aanvaar.

Bernard (1975, p. 265) noem hulle "lounge lizards", "flappers", "rock and rollers", "mods" en "flower children". Gordon (1975, p. 314) meen dat hulle eie subkultuur in der waarheid, in wese nie veel van die volwasse-kultuur verskil nie. Dit bied egter aan hulle die geleentheid om hulle eie modes en maniere uit te leef, te slyp, te wysig en aanpassings te maak om in hulle eie behoeftes te voorsien. Vir die adolessent as persoon bied dit die geleentheid om sy eie selfkonsep af te rond, sy verwarring te verwerk, en 'n eie identiteit te ontwikkel.

Gordon (1975, p. 365) wys op 'n verdere voordeel van die groep leeftydsgenote. Die bestaande skoolstelsel waardeur die individu geëvalueer en gegradeer word, lei daartoe dat hy bedreig voel. Hy voel dat sy persoonlike sekuriteit aangetas word. Die groepsverband

sorg egter dat die individu 'n sin vir genoegdoening in sy strewe na sukses en wel in sy kompetisie met sy maats in sy klas, ontwikkel. Die groep bied dus vir hom die nodige beskerming om hierdie verwarring te verwerk. Hierdie gevoel van genoegdoening in kompetisie behoort vir die adolessent in sy studie die moontlikhede te bied vir groter motivering en volharding, ook wat sy beroepsgerigtheid betref. Dit kan uiteindelik lei tot groter sukses. In sy portuurgroep is hy dus in 'n beter bedingingsposisie. Hier kan hy homself bewys, erken word, aanvaar word. Dit is derhalwe 'n stewige basis vir die vorming van 'n positiewe selfkonsep en die eie identiteit.

#### 5.4.5.4 Heteroseksuele verhoudings en identiteit

'n Groot deel van die adolessent se emosionele en sosiale ontwikkeling vind plaas in wisselwerking met tydgenote van albei geslagte (Smart, 1978a, p. 109). Die skakeling met leeftydsgenote van die teenoorgestelde geslag is baie noodsaaklik vir die adolessent se vorming van 'n selfkonsep en 'n eie identiteit. Volgens Smart (1978a, p. 132) wys Erikson (1959) daarop dat so 'n verhouding in baie gevalle juis daarop toegespits is om te help om die eie identiteit te definieer.

Die adolessent se fisieke ontwikkeling bring ook geslagsryping mee. Hy kry dus nou te doen met seksuele drange wat hy moet aanvaar, verwerk en ook integreer by sy ontwakende aangetrokkenheid en belang-

stelling in die teenoorgestelde geslag (Mussen, Conger en Kagan, 1963, p. 531; Conger, 1973, p. 240, 306). Mussen, Conger en Kagan (1963, p. 545) beweer dat een van die grootste probleme van die adolessent juis is om 'n aanvaarbare oplossing te vind vir skakeling met die teenoorgestelde geslag, sy eie drange en sy vrees en skuldgevoelens in verband met seks. 'n Te vinnige fisiologiese ontwikkeling kan lei tot selfbewustheid en dat die adolessenteseun hom van die teenoorgestelde geslag onttrek. Dit veroorsaak 'n wanbegrip en wanbalans in sy heteroseksuele verhoudings en kan lei tot parafilie. Gevolglik ly sy identiteitsontwikkeling en skolastiese vordering daaronder.

Die geslagsrolontwikkeling waarin die vader sy seun begelei het, bereik dus nou sy voltooiing. Dat hierdie ontwikkelingsfaset normaal moet verloop, is baie noodsaaklik vir die slyping en vorming van die adolessent se eie identiteit. Indien dit nie normaal verloop nie, kan dit ook vir hom tot heelwat verwarring en botsings lei. Hierdie verwarring en botsings, indien nie opgelos nie, sou weer aanleiding kon gee tot emosionele ontsporings en negatiewe beïnvloeding wat die adolessent se identiteitsontwikkeling en sy skolastiese vordering betref. Die volgende probleemareas vir die identiteitsontwikkeling word uitgewys:

a) Dit is tipies van die adolessent om afgetrokke en vertrooid betrokke te wees by besprekinge en gedagtes rondom die probleem van seks (Hurlock, 1973,

p. 273). Indien dit nie reg verloop nie, kan hierdie verwarring die adolessent benadeel in sy identiteitsontwikkeling en skolastiese vordering (vgl. par. 5.4.4.2; faset 3).

b) Sy betrokkenheid in heteroseksuele verhoudings moet voldoen aan die morele standaarde van die gemeenskap. Indien nie, lei dit tot botsings en konflik (Hurlock, 1973, p. 274).

c) Die nuus- rolprent- en televisiemedia se onrealistiese voorstelling van die sogenaamde *perfekte* man of vrou is vir die adolessent verwarrend (Hurlock, 1973, p. 283). In die praktyk sien hy baie voorbeelde van getroude pare, ook onder die baie jong getroudes, wat die teendeel bewys.

d) Die probleem van vrye liefde en voorhuwelikse gemeenskap is vir die adolessent verwarrend. Sy identiteitsverwarring kom na vore selfs in sy houding ten opsigte van die moontlikheid om geslagsiekte op te doen en om verwagtend te raak of deel daaraan te hê. Die adolessent reken dat dit nie met hom kan gebeur nie (Gordon, 1975, p. 369). Voorhuwelikse gemeenskap vind ook al hoe meer op ʼn vroeë ouderdom plaas (Smart, 1978a, p. 133; Conger, 1973, p. 260-261). Die inskakeling van die adolessent by die groep leeftydsgenote kom hier in gedrang. Hy is bang vir die opinie van die groep, asook vir uitskakeling deur die groep. Self is hy tog bang dat hy deel van die pret sal misloop. Die probleme en gevare rondom die hele aangeleentheid hou vir hom ook ʼn uitdaging in. Vir homself bring dit egter baie skuldgevoelens en vrees na vore. Hy is bekommerd

oor die siening van sy ouers en is ook bang dat die gemeenskap hom sal verwerp (Hurlock, 1973, p. 277, 288-289).

e) Onvoldoende geslagsopvoeding deur die ouers bring mee dat skadelike en verkeerde inligting elders bekom word (Dyer, 1973, soos aangehaal deur Eksteen, 1978, p. 74-75; Hurlock, 1973, p. 275-276; Gordon, 1975, p. 369; Conger, 1973, p. 247-248). Dit lei soms ook tot verkeerde en ongewensde hetero- en homoseksuele verhoudings. Die verwarring in identiteitsvorming volg logies (vgl. par. 5.4.4.2; faset 5).

### 5.4.6 Beroepsgerigtheid en identiteit

Die adolessent se probleem om 'n keuse vir 'n beroepsrigting te maak, is meer van 'n probleem vir die seun as vir die dogter (Mussen, Conger en Kagan, 1963, p. 559; Hurlock, 1973, p. 213). Alhoewel die adolessent eers gedurende die volwassestadium 'n beroep moet beoefen, word nogtans van hom verwag om alreeds gedurende die, vir hom reeds veeleisende tydperk van adolessensie, 'n keuse te maak. Sy ouers, onderwysers en maats oefen druk op hom uit om 'n definitiewe keuse te maak. Dit behoort ook daartoe by te dra dat hy hom met die volwasse rol sal identifiseer (Mussen, Conger en Kagan, 1963, p. 559). Om 'n stewige sin vir identiteit te bekom, is dit nodig dat hy uiteindelik suksesvol in sy werk sal wees en dat hy 'n posisie sal inneem wat vir homself sowel as vir sy ouers en tydgenote aanvaarbaar is (Smart, 1978b,

p. 179). Die groot aantal beroepe, asook die klem wat deesdae op die ekonomie val, dra by tot die druk en las, wat veral op die seun as toekomstige broodwinner, geplaas word. Hierdie druk dra by om sy verwarring in sy soeke na 'n eie identiteit te vergroot. Daarbenewens weet die adolessent dat hy baie voordele sal verwerf indien hy 'n geskikte werk kan bekom, of hom kan voorberei vir 'n beroep wat voordele inhou. Dit sal ook meebring dat hy onafhanklik van sy ouers kan word (Mussen, Conger en Kagan, 1963, p. 561).

Cole (1959, p. 636) asook Smart (1978b, p. 179) sien die beroepskeuse as een van die adolessent se mees akute probleme. Die adolessent se ambisie hou nie altyd met die werklikheid rekening nie (Gordon, 1975, p. 385; Hurlock, 1973, p. 213, 216). Soms word 'n beroep gekies wat sy verbeelding aangryp, maar wat nie met sy vermoëns rekening hou nie (Cole, 1959, p. 641-642). Gordon (1975, p. 386) wys daarop dat die adolessent se belangstellings, veral gedurende die laat-adolessensie, 'n groter ooreenkoms met die belangstellings en aspirasies van die volwassene toon. Hierdie weloorwoë belangstellings dui daarop dat die adolessent 'n meer geïntegreerde selfbeeld ontwikkel het - dus gevorder het op die pad na volwassenheid.

Die noodsaaklikheid daarvan dat die adolessent egter, ook wat sy beroepskeuse betref, die verwarring in verband met sy identiteit moet oplos, kom sterk na vore. Hoe gouer dit gebeur, hoe beter sal dit wees vir sy skolastiese vordering en suksesse. As die

seun, die beroepsman van môre, met sy vader identifiseer, sal dit vir hom baie beteken in sy soeke na ŉ eie identiteit.

## 5.5 DIE ADOLESSENT EN VADERIDENTIFIKASIE

### 5.5.1 Inleiding

Daar bestaan heelwat raakvlakke tussen die ontwikkeling van die klein seuntjie en die van die adolessenteseun. Dit is ook so dat hierdie twee tydperke in die seun se ontwikkeling, nie in waterdigte kompartemente geplaas en behandel kan word nie, aangesien daar te veel oorvleueling plaasvind.

Tydens die bespreking van die vaderidentifikasie van die seun (vgl. par. 4.7) is daar aansluiting by die adolessentestadium gevind. Om duplisering te voorkom, sal vaderidentifikasie hier dus baie kortliks aangesny word.

In die bespreking van die adolessentestadium is die emosionele betrokkenheid van die adolessent gedurende hierdie stadium, aangetoon. Die affektiewe kenmerke speel dus hier net soos by die skoolopdrag (vgl. par. 6.2.1.4) ŉ besondere rol. In die bespreking van die adolessent se vaderidentifikasie sal daar dus meer gelet word op hoe die identifikasie van die seun met die vader die affektiewe lewe van die seun beïnvloed. Omdat die rol wat vaderidentifikasie in die skolastiese prestasie van die adolessent speel, eers bespreek sal word nadat onder- en oorprestering behan-

del is, sal alle fasette van die vaderidentifikasie van die adolessent, wat raakvlakke het met onder- en oorprestering, ook daar en nie hier nie, bespreek word (vgl. par. 6.6.6).

Alhoewel daar ooreenkoms en oorvleueling is, is die identifikasie van die adolessent nie meer dieselfde as dié van die klein seuntjie nie. Die meer kritiese, selfdenkende adolessent aanvaar nie maar alles van sy ouer net so nie (vgl. par. 5.4.5.2). Gordon (1975, p. 358) verwys na die identifikasie van die adolessent as 'n selektiewe proses. Die beeld van die ouer word nie in toto aanvaar en verinnerlik nie. Die adolessent evalueer verskillende aspekte van die ouerlike gedrag, gevoel en waardes en kies dan daardie lewenspatrone wat harmonieer met sy eie selfbeeld.

### 5.5.2 Geslagsrolidentifikasie van die adolessent

Die klein seuntjie se identifikasie met sy vader het hom nie alleen gehelp in al die stadia van groei na volwassenheid nie (vgl. par. 3.6, 3.7, 3.8 en 4.7). Dit het hom ook gehelp om die manlike geslagsrol te aanvaar en om hom ten volle met sy eie geslagsrol te identifiseer. Die adolessenteseun moet homself nou by hernuwing finaal oriënteer as man. Kagan en Moss (1962, p. 271) beweer dat die identifikasie van die adolessent met sy eie geslag die sentrale kern vorm wat aan talle gedragsgebiede rigting gee. Dit is egter vir die adolessenteseun moeilik om die verskuiwing te maak ten opsigte van die eise wat aan hom

as jong seun gestel is, na dié wat aan hom as adolessent gestel word . Laasgenoemde eise kom gedeeltelik ooreen met dié van sy volwasse manlike rol. Heilbrun en Fromme (1965, p. 55-57) meen dat hierdie aanpassing van die adolessenteseun met baie angs en frustrasie gepaard gaan. Hulle stel vas dat hierdie ontwrigtende emosionele eienskappe by die manlike adolessent voorkom. Vir die adolessenteseun bring hierdie identifisering met sy eie geslag, net soos vir die klein seuntjie, spanning mee; spanning wat gesien kan word as deel van sy identiteitsverwarring.

Die adolessenteseun se soeke na 'n eie identiteit gedurende die laat-adolessensie, bring vir hom meer angs en spanning mee as vir die dogter (Medinnus, 1965, p. 153). Medinnus (1965, p. 153) asook Jackson en Meara (1977, p. 82-85, 89) sê dat die keuse van 'n eie beroep, deel is van die adolessenteseun se identiteitsoeke wat vir hom spanning meebring, indien daar nie identifikasie met die vader is nie (vgl. par. 5.4.6).

Die gemeenskap verwag dat die seun volgens die bestaande norme van die kultuur, aan die toekomsverwagtinge wat van hom as man gekoester word, sal voldoen. Groot druk word dan deur die gemeenskap via sy ouers op hom uitgeoefen om aan hierdie eise te voldoen. Vir die seun wat nie met sy vader identifiseer nie, kan hierdie spanning ondraaglik word. Dat die identifikasie met die vader selfs 'n verband toon met die keuse van beroep, word gesien uit die navorsing van Kahn (1968, p. 757-758). Hulle toon aan dat daar 'n

beduidende groter neiging vir die belangstelling in die beroep van die vader is by seuns wat 'n hoë mate van identifikasie met die vader toon, as diegene wat min met die vader identifiseer.

Die teenwoordigheid van die vader en die houding wat hy teenoor sy adolessenteseun inneem, sal net soos by die klein seuntjie, bepaal of en tot watter mate sy seun wel met hom identifiseer. Payne en Mussen (1956, p. 361-362) het navorsing gedoen in verband met die ouer-kindverhouding en die vaderidentifikasie van die adolessenteseun. Hulle het vasgestel dat 'n beduidende verwantskap bestaan tussen 'n hoë mate van vaderidentifikasie en die waarneming van die vader as 'n hartlike persoon wat ook nie huiwer om mildelik te beloon waar dit van toepassing is nie. Mussen, et al. (1963, p. 14) het met hulle navorsing vasgestel dat die seuns wat 'n positiewe verhouding met hulle vaders het, baie meer met die vaders identifiseer en baie meer soos hulle vaders dink, voel en handel as seuns wat 'n emosioneel onbevredigende verhouding met hulle vaders het.

### 5.5.3 Selfkonsep en vaderidentifikasie

Die noodsaaklikheid daarvan dat die adolessent 'n positiewe selfkonsep moet ontwikkel, homself moet sien as 'n individu wat 'n eie bestaansreg het, is benadruk (vgl. par. 5.4.5). Die seun wat goed met sy vader identifiseer, sal ook wat die selfkonsep betref, beter daaraan toe wees as sy maat wat nie met sy vader

identifiseer nie. Gordon (1975, p. 357) verwys na getuienis wat ingewin is van klinieke, jeughawens en beroepsleiers in hoërskole wat daarop dui dat die vaderidentifikasie van die seun 'n belangrike en beduidende faktor in die ontwikkeling van die selfkonsep en die gedrag van die adolessenteseun is.

Die adolessenteseun is vir sy selfsiening afhanklik van hoe sy eie ouers hom as seun sien. Die siening van sy ouers sal weer direk in verband staan met sy aanvaarding van sy eie geslagsrol, wat weer, soos reeds aangetoon, 'n verband het met sy identifikasie met sy vader. Medinnus (1965, p. 153) stel in sy navorsing vas dat die adolessent se selfwaardering afhang van sy waarneming van sy ouers se houding teenoor hom. Hy vind ook dat die seun gedurende die laat adolessensie, wat sy selfwaarneming betref, meer afhanklik is van sy ouers se houding teenoor hom as wat die geval met die dogters is.

### 5.5.4 Persoonlike aanpassing, selfvertroue, onafhanklikheid en vaderidentifikasie

Die affektiewe eienskappe wat die ouer teenoor die kind openbaar, beïnvloed sy aanpassing baie. Medinnus (1965, p. 153) het vasgestel dat adolessente wat goed aangepas is hulle ouers sien as liefdevol. Hulle ouers het hulle nie verwaarloos of verwerp nie. Medinnus het ook vasgestel dat die identifikasie van die adolessent met sy vader belangriker is vir aanpassing as identifikasie met die moeder. Dit geld vir albei geslagte. Heilbrun en Fromme (1965, p. 55)

vind dat die adolessenteseun wat goed aangepas is, geïdentifiseer het met die meer manlike vader. Gordon (1975, p. 357) wys op die moontlikheid dat die mate waartoe die adolessent wel sy onafhanklikheid bevredigend beleef, juis afhang van die mate waartoe sy identifikasie met die ouer van dieselfde geslag suksesvol verloop het.

Die adolessenteseuns wat beter met hulle vaders identifiseer as hulle maats, is kalmer, meer ontspanne en spanningsvry. Hulle het ook meer selfvertroue as hulle maats en is baie beter aangepas (Mussen, et al., 1963, p. 14). Cava en Raush (1952, p. 855) het vasgestel dat die adolessenteseuns wat konflik beleef in die gebiede wat 'n verband toon met die identifikasieproses, minder ooreenkoms met hulle vaders vertoon wat betref hulle belangstellings, aktiwiteite en karaktereienskappe.

### 5.5.5 Sosiale verbintenisse en vaderidentifikasie

Die seuns wat goed met hulle vaders identifiseer, sal groter manlike gerigtheid in hulle optrede openbaar. Hulle is meer volwasse en tree meer op soos die manlike volwassene in die gesin behoort op te tree. Hulle is ook meer instrumenteel gerig (Mussen, et al., 1963, p. 14; Heilbrun en Fromme, 1965, p. 56). Hierdie seuns het meer maats en meer affektiewe verbintenisse met persone buite die gesin. Hulle is sosiaal meer seker van hulself as hulle maats wat nie so goed met hulle vaders identifiseer nie (Mussen, et al.,

1963, p. 14).

Die identifikasie van die adolessenteseun met sy vader dra daartoe by dat hy 'n meer volwasse manlike rol kan verwerf. Laasgenoemde is 'n belangrike aspek in sy skakeling met die teenoorgestelde geslag (vgl. par. 5.4.5.4). Hierdie seuns wil ook graag met die teenoorgestelde geslag 'n romantiese skakeling bewerkstellig (Mussen,et al., 1963, p. 14).

Mussen,et al. (1963, p. 14-15) vat saam en sê dat 'n goeie affektiewe ouer-kindverhouding 'n belangrike voorvereiste is vir sterk identifikasie van die kind met sy ouers. So 'n identifikasie bring dan tot 'n groot mate mee dat die seun goed met die manlike geslag identifiseer. Dit dra weer by tot 'n goeie sosiale aanpassing.

## 5.6 SAMEVATTING

Dit is gewis so dat die vorming van 'n eie identiteit vir die adolessent as 'n krisis verloop. Dit is ook so dat daar 'n duidelike onderlinge verband bestaan tussen identiteit en identifikasie. Die moontlikhede is baie groot dat krisissituasies waarin die adolessent tydens sy ontwikkeling verkeer, met die daarmee gepaardgaande identiteitsverwarring, 'n invloed op die skolastiese prestasies en vordering, hetsy op skool of universiteit, kan uitoefen. Om dié rede is die identiteitsvorming van die adolessent van alle kante benader en beredeneer. Dat die adolessente-

stadium in die mens se ontwikkelingsproses baie belangrik is, is geslaagd uitgewys.

Die verwarring wat by die adolessent ontstaan in sy soeke na 'n eie identiteit, vind sy neerslag in talle fasette van sy ontwikkeling. 'n Polarisasie tussen die teenoorgestelde pole in elkeen van die fasette, is nodig om die verwarring op te los. Dit is nodig dat die verwarring wel opgelos word anders kan onttrekking of ontsporing plaasvind, wat ook die skolastiese prestasies van die adolessent kan beïnvloed.

Die adolessent se vinnige fisieke sowel as kognitiewe ontwikkeling dra by om sy verwarring, wat identiteitsvorming betref, te vergroot en te versnel. Baie onsekerheid, spanning en vrese sentreer rondom hierdie vinnige ontwikkeling. Dit is derhalwe noodsaaklik dat aan die adolessent op hierdie gebied hulp verleen word om te verseker dat hierdie veranderinge verwerk en aanvaar kan word.

Die adolessent se selfkonsep speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van 'n eie identiteit. Hoe die adolessent homself evalueer en homself sien, bepaal ook tot 'n groot mate sy verhouding met sy ouers, sy leeftydsgenote en sy leeftydsgenote van die teenoorgestelde geslag. Die adolessent se verhouding met hierdie groepe persone word ook deur sy fisieke en kognitiewe groei beïnvloed, en dit beïnvloed weer sy selfkonsep. Sommige van hierdie persone beïnvloed ook die adolessent se skolastiese prestasies en vordering. Elkeen van hierdie verhoudings is ook vir

die adolessent belangrik in die vorming van 'n selfkonsep en die ontwikkeling van 'n eie identiteit. Die adolessent wat 'n positiewe selfkonsep ontwikkel en die verwarring wat in sy identiteitsvorming in verhouding met genoemde persone ontstaan, kan oplos, behoort skolasties goed te vaar.

Ook wat sy beroepskeuse betref, moet die adolessent die verwarring en onsekerheid wat rondom hierdie keuse sentreer, oplos. Dit is nodig dat hy in hierdie keuse hulp ontvang om te verseker dat sy keuse realisties is maar ook vir hom moontlikhede inhou.

Indien die adolessenteseun wel met sy vader identifiseer, kan dit hom help en moontlike oplossings bied in sy identiteitsverwarring. Die vaderidentifikasie kan die seun ook help in die stabilisering van sy affektiewe verbintenisse, hetsy met sy ouers of met sy maats. 'n Stewige identifikasie van die adolessenteseun met sy vader sou hom dus algeheel tot voordeel strek, en sal meehelp dat hy sy man-wees met minder spanning en meer volledig kan belewe.

Die onsekerheid en verwarring wat die adolessent ervaar, is tot 'n groot mate gesentreer rondom sy gevoelslewe. Die hulp wat hy van sy ouers ontvang, moet dus gevoelsmatig wees. Die opvoedingshulp van sy ouers behoort so te wees dat hy die verwarring rondom sy identiteitsvorming kan verwerk. Die ontsluiting van die adolessent deur die ouer moet hier sodanig wees dat hy rus en kalmte vir sy innerlike verwarring, onrus en onstuimigheid vind. Die Chris-

ten-ouer sal sy adolessentekind so lei dat hy die werklike ware vrede wat alleen by Hom te vind is, ervaar en as sy eie belewe. Hierdie werklike innerlike stabilisering sal ook meebring dat hy in sy beroepsgerigtheid en sy skolastiese vordering met groter doelgerigtheid en motivering sy ideale sal nastrewe, juis omdat hy dit alles sal doen tot *Sy* eer en in *Sy* diens.

## 5.7 VOORUITSKOUING

In die volgende hoofstuk word aandag gegee aan die hele problematiek rondom skolastiese prestasie. Die teorie van skoolleer soos behandel deur Bloom, verwys in die besonder na die affektiewe intreekenmerke. Daarby kan die ouers, juis wat die affektiewe belewenisse betref, 'n besondere bydrae vir die kind lewer; derhalwe word grotendeels op die affektiewe intreekenmerke in die skoolopdrag gekonsentreer. Die ouers oefen egter ook 'n besondere invloed uit op die intellektuele ontwikkeling van die kind, en dit is weer 'n kernaangeleentheid vir sy skolastiese prestasie; derhalwe word ook daaroor besin.

Die adolessenteseun se identifikasie met sy vader sal juis daarop gerig wees om hom op skolastiese gebied te help. Dit behoort vir die onderpresteerder van die grootste waarde te wees; derhalwe sal die aangeleentheid van prestering en onderprestering ook aandag geniet. Die probleem van vaderidentifikasie en skolastiese prestasie, wat onder- en oorprestering

insluit, word dan saamgetrek. In hoofstuk sewe word die hipoteses gestel en die eksperimentele ondersoek hanteer.